WEEK 35 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

1. ALGEMEEN:

BESTELVORM VIR JAARBOEK 2017: Gemeentes moet asseblief kennis neem dat hulle self verantwoordelik is om die nuwe Jaarboek vir 2017 vanaf Bybel-Media te bestel, die plaaslike Sinodale Kantoor hanteer dit nie – klik **hier** vir die bestelvorm.

2. GEBEURE BY GEMEENTES:

NG LANGENHOVENPARK:

Kersmark
11-13 November
NG Kerk
Langenhovenpark
Gemeentesentrum
(Boerneefstraat)
Vrydag 15:00 – 19:00
Saterdag 09:00 – 17:00
Sondag 10:00 – 13:00
Kom koop handgemaakte kersgeskenke en geniet iets te ete & drinke by ons teetuin!
Hoop om julle daar te sien!
Navrae:
Kerkkantoor 051 446 2225
(08:00 – 12:00 / Ma - Vry)

Rina Hugo en die Christelike Seemansorganisasie besoek Langenhovenpark-gemeente, op **Sondagoggend 27 November, om 09:00**. Toegang is gratis, maar sagte kollekte sal opgeneem word- daar sal na die diens CD's verkoop word

* * * * * * * * * * * * *

NG WATERBRON:

KERSSANGDIENS & ETE

Sondag 13 November 2016 om 09:30

PLEK:
NG Kerkgebou Waterbron
Vergezocht pad, Bainsvlei
29°3'58.09"S 26°3'52.29"E

KOSTE:
Koue vleise & slaai-ete @ R50pp
Bring jou familie & vriende saam

KONTAK:
Santa Pretorius 051 445 2345 (k/u Ma-Vr 08:00 – 13:00)

NG Kerk Waterbron in Bain's Vlei

Jaarlikse Gholfdag

Donderdag 17 November 2016

Bloemfontein Gholfklub
Inskrywings by Gholfklub vanaf 11:00 - 13:00

Besighede skryf julle spanne ook in

R250,00 per persoon

BBS formaat

** BAIE VLEISPRYSE TE WEN **

Borge is: Nico Smith Afslaers & Iprop

Navrae: Gustav Claassens 082 33 99 835

NG NOORDHOEK:

Kerssangdiens
27 November 2016

met
Inspirit-sanggroep
vanaf Hartswater

***Inspirit-sanggroep* begin reeds om 18:35 sing, die diens begin 19:00**

Almal welkom

Inligting: Grace Pretorius
Sel: 082 570 0710

* * * * * * * * * * * *

NG HUGENOOT:

Die bekende en populêre sanger, Manie Jackson, tree **Saterdag 19 November 2016 om 10:00** in die kerksaal van NG Hugenoot op. Hierdie geleentheid word deur die Senior Bediening-Herfsblare van dié gemeente, aangebied – koste is R70pp.

* * * * * * * * * * * *

3. ANDER GEBEURE/INLIGTING:

"TERUG KERK TOE SONDAG"- VIR GENESING EN HERSTEL: **Daar is reeds 'n beroep op gemeentes gedoen om Sondag 20 November 2016, vir hierdie geleentheid in te rig.** Daar word ook 'n **massa-byeenkoms vir 19 November 2016 in die FNB-stadion Soweto beplan**, met Angus Buchan as die hoofspreker by hierdie interkerklike saamtrek. Willem Badenhorst (NG Moreletapark) en Jannie Pelser (NG Rant-en-Dal-Prisma), se visie is dat dit *die grootste geestelike versoeningsbyeenkoms ooit in Gauteng sal wees*. Diegene wat weens demografiese redes nie teenwoordig kan wees om hulle in gebed te verootmoedig nie, word versoek om op **Sondag 20 November in gemeentes oral in die land, byeen te kom.** Lees ook 'n berig in **e-Kerkbode** hieroor.

ENGO BIED 'N DAG VIR ONDERWYSERS AAN:

KLEINGROEPKONFERENSIE 2017:

Manie Groenewald, die kleingroepleraar by NG Moreletapark, is sedert 2015 besig om landswyd interkerklike gespreksgroepe tussen leraars te vestig wat spesifiek rondom Kleingroepbediening sentreer. Saam met 'n projekspan koördineer hy 'n ***Small Groups With Purpose***-konferensie oor kleingroepbediening in 2017. Die spreker is past Steve Gladen (*Small Groups* pastor - *Saddleback Church*, VSA). Kaartjieverkope open aanlyn by iTickets op 1 November 2016 @ R195pp en sluit middagete in. **Leraars kan VBO-punte verwerf vir die bywoon hiervan.**

Ds Rikus Hattingh van NG Pellissier is die **kontakpersoon in die Vrystaat,** kontak hom by 084 620 6000, of stuur 'n e-pos aan rikus@ngkerkpellissier.co.za

REEKS OOR RESPEK… HOOGTYD!: Die Seisoen van Menswaardigheid begin in Januarie 2017 met 'n opwindende reeks oor respek. Klik **hier** vir al die inligting en **hier** vir die bestelvorm – jy kan ook **hier** na 'n bekendstellingsvideo kyk.

BEKOSTIGBARE BUITE-PASIëNTE BEHANDELINGSPROGRAM BY AURORA ALKOHOL- EN DWELMSENTRUM:

Hierdie program word slegs aangebied vir persone wat in Bloemfontein en omliggende areas woonagtig is. Die volgende prosedure word gevolg vir opname in die behandelingsprogram:

- Skakel Aurora Sentrum en maak 'n afspraak vir assessering.
- Indien die persoon 'n geskikte kandidaat vir hierdie buite-pasiënte program is, word die behandelingsfooi betaal.
- Die persoon konsulteer dan met die dokter soos gereël en dit is deel van die behandelingsfooi.
- Die persoon kom drink vir 30 dae daagliks sy medikasie soos deur die dokter voorgeskryf (ongeveer 20 minute per dag) by Aurora Sentrum.
- Die persoon kom gedurende kantoor-ure vir agt terapiesessies oor agt weke by die maatskaplike werker (ongeveer 60 minute per sessie).
- Die geleentheid om een keer per week by 'n groepsessie in te skakel, is beskikbaar.
- Nasorgdienste is ook beskikbaar. Beide die groepsessies en die nasorgdienste is beskikbaar teen geen ekstra koste.

Kontak gerus vir Santie Froneman by 051 447 4111 (k) vir enige verdere navrae.